

Kategeet werkblad: 30 Julie 2011

Teksgedeelte:

Handelinge 8:4-25

Agtergrond:

Die gedeelte wat ons gelees het, is geskryf vir vierde geslag Christene in Efese wat vra: “Wie is ons?” Om die vraag te beantwoord vertel die skrywers van Handelinge vir hulle van die Heilige Gees en van buitestaanders.

Die verhaal gaan oor die Samaritane, mense op wie neergesien is deur die Judeërs omdat hulle tydens die ballingskap vermeng geraak het met die Assiriërs. Die Samaritane het op hulle beurt weer neergesien op die Judeërs want hulle het gedink dat hulle ‘n ouer geskiedenis met God het as die Persiese nedersetting in Judea met hul tempel wat deur die Perse betaal is. Ons kan sien hoe hierdie twee groepe nooit bymekaar sou uitkom nie, al het hulle dieselfde God aanbid.

Die Evangelie bereik die Samaritane deur die werk van Fillipus. Nou gaan Petrus en Johannes uit die vyand se gebied, Judea, na die Samaritane toe. Hulle bid dat die Samaritane ook die Heilige Gees sal ontvang. Deur hulle die hande op te lê dra hulle aan die Samaritane die Gees oor. Simon wil die vermoë om die gees te gee by die Apostels koop, want hy dink dis nog ‘n “magic” kunsie. Petrus bestraf hom en hy kom tot inkeer.

Wat vertel die verhaal vir die eerste hoorders? Hulle moet in Efese sien dat Christene ‘n eenheid vorm omdat die Heilige Gees in hulle woon. Soos die Judieërs en die Samaritane se vyandskap deur die Heilige gees oorbrug is, moet hulle ook beseft dat hulle een is met die ander Christene in Efese wat nie deel van hulle groep is nie. Hulle moet ook sien dat die werk van die Gees nie dieselfde is as die “magic” wat rondom hulle bedryf word nie.

Dieselfde Gees van die vroeë kerk is die Gees wat in ons woon. Ons word deur die Gees verbind aan daardie kerk maar ook aan almal om ons wat in Jesus glo, al is dit nie presies soos ons glo nie. Die Simon deel van die verhaal vertel ons ook dat die Heilige Gees van God af kom en dat ons die werk van die Gees nie met “magic” moet verwar nie.

Verwagte uitkoms:

Die kinders moet agterkom dat hulle as lede van ‘n gemeente aan mekaar verbind is en dat hulle verbintenis hulle ook moet lei tot versorging van mekaar. So ook is ons in die breë (as gelowiges) deel van ‘n groep gelowiges wat aan God verbind is. Omdat ons deur God gelei word behoort ons eenheid onder mekaar te hê en ook te fokus op dit wat ons met ander gelowiges in gemeen het.

(Onthou asb. dat ‘n kerk uit lidmate bestaan, ons vorm die gemeente en staan in verhouding met mekaar.)

Aksie:

Doen eers 'n paar ysbrekers:

- Laat die kinders in 'n ry staan, gerangskik volgens geboorte maande
- Laat hulle in 'n ry staan volgens skoengrootte
- Laat hulle in 'n hoef staan, waar die kinders wat sterk voel dat familie belangriker is aan die een punt staan en die kinders wat sterk voel dat vriende belangriker is aan die ander punt van die hoef staan, die kinders spasieer hulleself volgens hulle opinie op die hoef

Hoofaksie:

- Laat die kinders in 'n sirkel staan, bepaal die middelpunt van die sirkel (jy kan 'n baken daar neersit), laat hulle vêr of naby aan die baken staan op grond van hoeveel hulle skool geniet (dink so daaraan, asof die kinders speke van 'n wiel vorm en hoe sterker hulle oor iets voel, hoe nader staan hulle aan die middel, hoe meer verwyder hulle voel hoe verder staan hulle van die middel af weg).
- Doen nou laasgenoemde aksie met die volgende onderwerpe:
 - Hoeveel mense hulle by die kerk ken
 - Hoe deel hulle van die kategeseklas voel
 - Hoe deel hulle van die gemeente voel

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as 'n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

Diamant vrae:

- Sou julle as 'n groep iemand nader of verder van die middelpunt af wou posisioneer? Hoekom?

Hart vrae:

- Wat is die dinge waarvan jy hou van ons gemeente/jou kategeseklas?
- Wat is die dinge waarvan jy nie hou in jou kategeseklas/ons gemeente nie?
- Hoe dink jy sal ander mense voel oor ons gemeente?
- Hoe dink jy voel ander mense oor Christenskap?

Skoppens vrae:

- Watter dinge in 'n gemeente kan maak dat mense voel hulle naby aan mekaar is?
- Watter dinge sou jy wou verander aan die gemeente/jou kategeseklas sodat ons meer aan mekaar gebind sou kon wees?
- Wat het Petrus en Johannes gedoen om vir die gemeente in Samaria te wys dat hulle naby mekaar is en vir mekaar moet omgee? [Hulle het vir die gemeente kom bid en hulle die

hande opgelê, hulle het as agente van God opgetree om die Heilige Gees “na die gemeente te bring” (Hulle bewus te maak van God se teenwoordigheid en hulle gesalfdheid – hulle was nou self gesalfdes en het toegang tot God gehad)]

Klawers vraag:

- Wat kan ons doen wat ons as 'n gemeente/kategeseklas nader aan mekaar sal bind?
- Hoe lyk 'n gemeente waarin ons weet dat God daar is?
- Hoe sou jy maak om die mense in jou gemeente beter te versorg?